***Posbus 638***
***Pietersburg, 0700***
***Tel: 015 – 297 3749***
***Faks: 0866 180 781***
***Sel: 082 909 3948***
***E-pos: marie@ntlu.co.za***

# *PLAASBESOEK PROTOKOL*

***Aanvaarde PROTOKOL vir besoeke aan Kommersiële Plase genoodsaak deur die onaanvaarbare veiligheidsituasie in die land***

*© TLU SA Maart 2007*

1. *Misdaad ruk hande uit, polisievermoëns skiet te kort en noodsaak kommersiële boere, soos ook alle ander besigheidsmense, om doeltreffende maatreëls te tref om hulle en hulle personeel se belange te beskerm.*

2. *Synde die persoon wat sy grond administreer en beheer, het die eienaar van private grond die reg om toegang tot die grond te beheer en om gepaste maatreëls daartoe vas te stel.*

3. *Regeringsamptenare (uitsluitend SAPD lede wat misdaad ondersoek), semi-owerheidsinstansies, diensverskaffers, waardeerders en grondeisers, soos alle ander mense, het geen outomatiese reg tot toegang tot plase nie en wie ookal toegang tot 'n plaas verlang, moet die vereistes van hierdie PROTOKOL nakom.*

4. *Enige persoon wat 'n spesifieke plaas wil besoek, moet betyds die nodige reëlings tref om die eienaar te pas. Die grondeienaar is nie verplig om tot die besoek in te stem nie en mag op enige stadium hulp/ondersteuning van sy Unie aanvra. Reëlings in die geval van 'n aansoek wat vir die eienaar problematies lyk, moet verkieslik deur die Streeks- of Distrikskantoor van die Landbou-unie behartig word.*

5. *Die Landbou-unie moet die volgende bepaal: Die datum; presiese tyd vir die aanvang en duur van die besoek; die volledige identiteit (soos gestaaf deur die stafieskode ID-dokument en 'n sekerheidsondersoek indien nodig en/of bewys van* bona fides*) van elke individu of organisasie wat betrokke mag wees; die doel van die besoek en 'n volledige agenda indien gesprek gevoer moet word; sowel as 'n volledige lys van informasie wat die besoekers verlang. By enige aanduiding van kwaadwilligheid sal die eienaar die aansoek aflas en/of die saak na die polisie verwys.*

6. *Toegang op die afgesproke tyd sal streng beheer word en alle besonderhede wat vooraf voorsien is, moet klop met dié ter hand tydens toegang. Enige afwyking sal maak dat die besoek afgelas word. Besoekers moet by aankoms aan die eienaar 'n bekendstellingsbrief deur hulle kantoor oorhandig wat die doel van die besoek volledig uiteensit sowel as 'n lys van die persone betrokke. 'n Landlyn telefoonnommer vir verifikasiedoeleindes is noodsaaklik.*

7. *Groepe persone sal beperk word tot drie persone per geleentheid.*

8. *Daar moet streng gehou word by die vooraf ooreengekome doel van die besoek. 'n Verslag/notule van die besoek/besprekings moet skriftelik bygehou word en op video- of klankband opgeneem word. Indien dit nie binne sewe dae in twyfel getrek word nie, sal dit as die ware weergawe van die verrigtinge aanvaar word.*

9. *Sou enige afwyking van die ooreenkoms dreig, of 'n ontwrigting of gebrek aan goeie orde, kan die eienaar die besoek aflas en/of advies neem van sy Unie en/of die besoekers beveel om die plaas te verlaat en het hy die reg om strafregtelike vervolging vir betreding te eis.*

10. *Die plaaseienaar mag te enige tyd die besoek/gesprek opskort en advies neem ten opsigte van sy regte ten aansien van die situasie.*

***Die TLU SA is oortuig dat as alle belanghebbendes hierdie PROTOKOL streng nakom, samewerking bevorder, misverstande voorkom en gemeenskapsvrede bevorder sal word.***

***Telefoonnommers***

*Eienaar:* ____________________ *Streekkantoor:* ____________________ *Distrik:* _________________